kruiskerk.co.za
info@kruiskerk.co.za
wynandnel@iafrica.com

# Toetrede

**Liturgie van die Lig**

Aansteek van die kerse

# Woorddiens

**Tema: "Oppad waarheen?"**

**Skriflesing: Lukas 19:29-48**

**Lied 177**

Jesus, gróót bo almal:
sterke Verlosser,
magtige Heer en Heiland,
Immanuel - God is met ons -
reddende Here, lewende Woord.

**Broodjies vir die pad**

## Vroegherfs

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rookvaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke ligte môre witter staan.
O Heer, laat hierdie dae heilig word:
Laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en ver was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat u wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

*N.P. van Wyk Louw*

◆◆◆

## Uitstalling nodig jou uit om lig te betree

Na die lig toe, 'n uitstalling van kunswerke deur Nikolai Loukakis, Anna Wilson en studente van Corné van Eck se Gables-kunsateljee, duur tot 24 Maart in die galery van die Pretoriase Kunsvereniging.

Vir sy jaarlikse Paasuitstalling het die Kunsvereniging die studente genooi om hierdie tyd van die jaar te vier met dié uitstalling.

Van Eck verduidelik die uitstalling is 'n uitnodiging om saam te gaan op 'n reis van innerlike bevryding na die lig toe, weg uit die dorings en distels van die lewe, na persoonlike oorwinning, hoop en verligting.

Tesame met hierdie uitstalling is daar ook 'n uitstalling van skilderye deur Wilson en tekeninge deur Loukakis.

Wilson se bewoë, ikonografiese skilderye belig die spirituele ruimte wat ons daaglikse bestaan omring en binnedring. Loukakis se grasieuse tekeninge verbeeld die krag en wreedheid van die Romeinse bewind gedurende die vroegste Christelike tyd.

http://www.netwerk24.com/Vermaak/Kuns/uitstalling-nodig-jou-uit-om-lig-te-betree-20160308

◆◆◆

## GELUK

Nee, ook toen was geluk niet 'heel gewoon', zoals de nostalgie graag wil. Er werd minstens zoveel gezeurd en gekankerd als nu. De ambtenaren staakten en 'gingen naar de Dam'. De inflatie liep op tot boven de 13 procent en de studenten aan wie ik les begon te geven zouden de 'generatie nix' worden genoemd. Mijn arbeidscontract heette nog niet 'flexibel', maar moest wel elk jaar opnieuw worden verlengd.

Met geluk had dat allemaal niet zoveel te maken; met ongeluk ook niet. De welvaart van een tijdsbestek is daar een slechte peilstok voor. Geluk lijkt me eerder iets waar je talent voor moet hebben - al kan enige oefening geen kwaad. 'Gelukkig' ben je altijd met wat je hébt en je kunt er tot op zekere hoogte toe besluiten. Net zoals je je erop kunt toeleggen óngelukkig te zijn.

http://www.trouw.nl/tr/nl/33880/Ger-Groot/article/detail/4259025/2016/03/08/Ook-in-de-jaren-tachtig-was-geluk-niet-heel-gewoon.dhtml

◆◆◆

[…]

There is **another dimension to this parade that is a hard sell** in a church that has invested so heavily in the "**lamb to the slaughter**" image of Christ.

It is that late in life convert to Christianity Rene' Girard who reminded me, in a interview recorded in The Girard Reader, edited by James G Williams

> R.G.: The Gospels speak of "sacrifices" only in order to reject them and deny them any validity. Jesus counters the ritualism of the Pharisees with an anti-sacrificial quotation from Hosea: "Go and learn what this means, 'I desire mercy, and not sacrifice'" (Matt. 9:13). The following text amounts

to a great deal more than ethical advice; it at once sets the cult of sacrifice at a distance and reveals its true function, which has now come full circle: So if you are offering your gift at the altar, and there remember that your brother has something against you, leave your gift there before the altar and go; first be reconciled to your brother, and then come and offer your gift. (Matt. 5:23—24)

Interviewer: Surely the crucifixion is still the sacrifice of Christ?

R.G.: There is nothing in the Gospels to suggest that the death of Jesus is a sacrifice, whatever definition (expiation, substitution, etc.) we may give for that sacrifice. **At no point in the Gospels is the death of Jesus defined as a sacrifice.** The passages that are invoked to justify a sacrificial conception of the Passion both can and should be interpreted with no reference to sacrifice in any of the accepted meanings. **Certainly the Passion is presented to us in the Gospels as an act that brings salvation to humanity.** But it is in no way presented as a sacrifice, If you have really followed my argument up to this point, you will already realize that from our particular perspective the sacrificial interpretation of the Passion must be criticized and exposed as a most enormous and paradoxical misunderstanding — and at the same time as something necessary — and as **the most revealing indication of mankind's radical incapacity to understand its own violence, even when that violence is conveyed in the most explicit fashion.**

If you are not familiar with Girardian thinking you may want to click through to The Girardian Lectionary

The crux of Girard's insight for my thinking this week is simply that **in the Palm Procession we do not have a Lamb to the Slaughter, pre-programmed robotic Jesus, we have a living, choosing, inviting Jesus making one of his final offers to the people and powers of Jerusalem**. An offer they reject not because they are scripted to do so, but because the cost of compassion and inclusive community is far greater than the system of scapegoating shame and blame religion and power that is in place.

Jesus the Zecharian, "King on a Colt" comes with an offer of alternative living. An inclusive community of compassion and companionship. Where servants not swordsman have power,… the power of love. A kingdom of healing and restoration where humans blossom into fruitful beings. A kingdom which all the democrats and despots of this world even two millennia after the Palms waved, have yet to be able to bring to reality.

The offer still stands, and **not** "*for a limited time only*" as the End Time Enthusiasts would have it.

**No it is an eternal offer, always available for any who can sing Hosanna and hold back on hatred.**

Look! Here comes the Donkey King again!

http://thelisteninghermit.com/2010/03/22/palming-off-the-donkey-king/

## Brood vir die pad

## Oor wat alles so saamsweer teen die vertroude

*Dirkie Smit*

Ons ervaar almal dat ons lewe in 'n wêreld wat saamsweer teen vertroue. Ons belewe hoe ons éie vertroue ondermyn word – in naastes (vir wie ons so graag wil, ja, wóú vertrou), vooraanstaandes (vir wie ons behóórt te kon vertrou, gegee hul verantwoordelikhede), instellings (waarop ons só aangewese is), dienste (waarvan ons só afhanklik is), waardes (waarin ons voorheen dalk só vanself geglo het), tradisies (wat ons vroeër só gemaklik aanvaar het), ja, in die gewone, bekende, vertroude. Met "die vertroude" bedoel ons immers goed bekend, maar óók dat ons dus daarop kan réken, want dis maar hoe dinge ís.

Daar is vele oorsake vir dié verlies vandag, vele kragte wat saamsweer. Maar miskien moet ons begin deur te onthou en erken dat die vertroude nie altyd so goed was of is nie – en dié saamsweer daarom ook nie net sleg nie? Iets is immers nie wenslik bloot omdat ons gewoond is daaraan en dit maar altyd so was nie? In die naam van "ons het altyd so gemaak" of "dis maar soos dinge is", loop daar tog bloedspore deur die geskiedenis – van onreg, onderdrukking, mishandeling, vernedering, stilswye? Vra maar vroue, kinders, vreemdes, minderhede. Vra maar randfigure en uitgeslote groepe in enige gemeenskap. Dis immers nie verniet dat ons in dié dae oor gelyke regte en geleenthede vir vroue en oor afskeid van rassisme praat nie? Te dikwels was en word dié vooroordele immers juis beoefen in die naam van gewoontes en gebruike, vergoelik omdat dit so vertroud is?

Nee, vele waarmee ons diep vertroud is, behóórt te verander, behóórt bevraag en beëindig te word.

Dié erkenning mag pynlik wees, maar dis 'n nodige begin. Vele waarop ons dalk heimlik vertrou het dat dit altyd so sou bly, behóórt te verander.

Burgers wat dié erkenning nie begryp nie, verstaan nie die waagstuk waarop ons moderne lewe bou nie. Dié hou tog in dat mense self mag dink, eie keuses mag maak, drome mag droom, regte mag opeis en dat ons dan sáám die moeilike weë sal bly begaan – weë waarop ons nog nie voorheen was nie? Dis die waagstuk wat die Bostonse sosioloog Adam Seligman sou beskryf as modernity's wager. Kerkmense wat dié erkenning nie begryp nie, verstaan hul eie evangelie nie. Dié hou tog in dat ons onsself krities bly ondersoek ten einde aan ander te doen wat ons aan onsself gedoen wil hê?

Diesulkes vertrou dalk eerder die evangelie wat iemand sinies sou beskryf as geloof, hoop en liefde, maar die grootste hiervan is die status quo.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/djs-oor-wat-alles-so-saamsweer-teen-die-vertroude-20160312

◆◆◆

### Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
*Ubi caritas, et amor*
*ubi caritas, Deus ibi est.*

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877